# Eensaam in die Voortrekkergemeenskap: Askese en geloofsbelewing in die teologie van die Voortrekkervrou Susanna Smit (1799-1863)

**A W G Raath**
**Departement Staatsreg en Regsfilosofie**
**Universiteit van die Vrystaat**

## Abstract

**Solitary in the Voortrekker community: Ascesis and religious experience in the theology of the Voortrekker woman Susanna Smit (1799-1863)**

***An evaluation of Susanna Smit's commitment to introspection, meditation and solitary contemplation necessarily has to be undertaken in the light of the major impact of the theological pietism of the Dutch Second Reformation on the Voortrekker community. Although the theological literature of the Dutch Second Reformation fundamentally influenced her views on these matters, the economic, political and ecclesiastical position in which she found herself also substantially contributed to her tendency towards solitary contemplation. The tendency to experiential ascesis is, however, not limited to the Dutch Second Reformation, and the impact of current economic and political factors on the church makes it essential, from an ecclesiastical point of view, to take note of the factors which contributed to the emphasis on mystical experiential theology. For this reason the diaries of the Voortrekker woman Susanna Smit are most illuminating and relevant.***

## 1. INLEIDING

Die jare 1842 en 1843 was 'n besonder traumatiese tyd in die Natalse Voortrekkergemeenskap. Die onderwerping van die Voortrekkervolksraad aan Britse gesag op 15 Julie 1842, ingevolge waarvan die lede van die Volksraad

hulle namens die Natallers “onze plegtige Declaratie van onderwerping aan het Gezag” moes aanbied, het die einde van die droom van ’n onafhanklike Voortrekkerstaat suid van die Tugela beteken (Bird 1888 II:64-65). Na die kapitulasie van die Volksraad in Julie 1842, het die Voortrekkergemeenskap ’n tydperk van groot onsekerheid en politieke woelinge binnegegaan. Bitterheid jeens die partye in Voortrekkergeledere wat onderwerping aan Britse gesag aanvaar het, bekommernis oor die toenemende rassespanning tussen die Voortrekkers en die Zoeloes, en onsekerheid oor die implikasies van die Britse onderwerping van Natal was aan die orde van die dag (Scholtz 1970 II:433 ev). Voorts het daar groot onsekerheid oor die verhouding tussen die geannekseerde Natalse gebied en die res van die Voortrekker-republiek geheers. Na ’n besoek van die Nederlander Smellekamp met die skip Brazilia, het die anti-Britse gevoelens vanaf Mei 1843 sterk opgebou (Cory IV:169-170). In Junie 1843 het Henry Cloete (koloniale amptenaar), die Trekkergemeenskap in Pietermaritzburg besoek. Tydens die vergadering in die Raadsaal, waar veral die trekkervroue prominent opgetree het, het Susanna Smit, die vrou van die Voortrekkerleraar Erasmus Smit (1778-1863), ’n onverbiddelike standpunt ingeneem. Volgens die verslag van die *Grahamstown Journal* (Schoeman 1995:144-145) het Susanna Smit skerp op die vermaning tot stilte deur haar eggenoot gereageer en het sy optrede die volgende opmerkings van haar (in Engels vertaal) ontlok: “’You wretch, shall I be still while you stand there silent – you boasted enough at first, but now I am obliged to take your place’ (the literal interpretation of the latter part of the phrase used is, ‘but now I must wear the breeches’)”. Dit is trouens opmerklik dat ook van die ander trekkervroue by dié geleentheid sterk op die voorgrond getree het.

Die onsekerheid oor die lotgevalle van die Trekkers het ’n hoogtepunt bereik toe Cloete vanaf 5-9 Augustus 1843 die Voortrekkers in Pietermaritzburg besoek het, met die oog op onderhandelinge met die Volksraad (Schoeman 1995:148-149). Jan Mocke het selfs met ’n mag van 200 man van oorkant die Drakensberg gekom om die verwikkelinge dop te hou (Bird 1888 II:256-264). Die Volksraadverrigtinge op 7 Augustus 1843 het spesifiek ten doel gehad om

"schikkingen met de Engels Gouvernement aantegaan dan wel de mening van Natals Ingezetenen op dit onderwerp te hooren, te overwegen en te besluiten" (Breytenbach 177-178). By hierdie geleentheid het die verdeeldheid onder die Voortrekkers 'n hoogtepunt bereik. Mocke het hom aan die verrigtinge onttrek, terwyl die lede wat agter gebly het omring was deur 'n "noisy, senseless mob who, by imprecations and threats of violence, did their utmost to drive these representatives from their post, or get them to proclaim their independence from all British authority" (Bird 1888 II:256-264). In die geledere van die verset-groepering was daar 'n beduidende groep vroue, wat in 'n afvaardiging, onder die leiding van Susanna Smit, eggenote van eerwaarde Erasmus Smit en suster van Gert Maritz (eertydse Voortrekkerleier), na Cloete opgetrek het (Schoeman 1995:150). Van die optrede van die vroue-afvaardiging skryf Bird dat hulle gesê het dat

> in consideration of the battles in which they had been engaged with their husbands, they had obtained a promise that they would be entitled to a voice in all matters concerning the state of the country …; that they were fully aware that resistance would be of no avail, but they would walk out by the Draakberg barefooted, to die in freedom, as death was dearer to them than the loss of liberty
>
> (Bird 1888 II:259)

Die daadkragtige optrede van Susanna Smit in die geledere van die vroue-afvaardiging, staan in verskillende opsigte teenoor die huislike omstandighede wat sy en haar eggenoot na hul vestiging in Pietermaritzburg beleef het. Ten spyte van sy hoogs gewaardeerde arbeid in die Voortrekkergemeenskap, is eerwaarde Smit deur 'n groep lidmate onder leiding van Sarel Cilliers al hoe meer van die bediening uitgesluit, en Susanna self is in 'n naamlose geskrif aangeval en as 'n "helleveeg" uitgekryt (Schoeman 1995:116, 117 e v). In Februarie 1841 is Erasmus Smit se dienste as leraar amptelik beëindig en Daniel Lindley van die American Board Mission as prediker aangestel, nadat Sarel Cilliers, Andries Pretorius, Karel Landman en ander leiersfigure in die Trekkergemeenskap uit hul

pad gegaan het om hom van die kansel te weer (Schoeman 1995:119). Na sy afsetting teken Susanna in haar dagboek aan dat sy reeds vir drie jaar nie Nagmaal gebruik nie, "deels om den weerwil mijner vijanden, en deels om getrouw te blijven aan mijne beloften om niet te eeten en te drinken met hem die gezegd heeft God zal uw met Zijne donder van achter den schuilbos van de predestinatie wegslaan, ..." (Schoeman 1995:119-120), skynbaar 'n verwysing na Cilliers wat nie die leer van die uitverkiesing so streng opgeneem het soos die Smits nie. Die kerklik vervreemde Smits het op 'n gereelde basis op Sondae met 'n paar getroue vriende in 'n konventikel-groepie byeengekom om te aanbid – aanvanklik in 'n huis van klei en pale en in die loop van 1842 in 'n huis wat Susanna Smit beskryf as "onze slechte woning" of "mijn natte huisje", sodat sy later skryf van "den scheuren en barsten die in den pleistering van den wanden aan de buitezeide was, ( … ) den inzakkende dak, den overhangenden geuvel" (Dagboeke, 4:61, 62)[1].

Teen 1843 weerspieël Susanna Smit se dagboeke reeds 'n beduidende mate van geïsoleerdheid in die Voortrekkergemeenskap. Gekwel deur finansiële laste en liggaamlike ongesteldhede, bevind die Smit-egpaar hul nou onder Britse bewind, sodat hul geen ander heenkome het as om in Natal te bly nie. Teen hierdie agtergrond moet die inskrywing in haar dagboek op 16 Februarie 1843 gelees word: "Eenzaam in mijne kamer beschreide ik de kracht der Zonden die tegen mijne wille nog in mijn Ligchaam was overgebleven, en waardoor mijn Ziel zoo geweldig enige dagen was geteisterd geworden, toen ik den wind buite hoorde blazen, tegen het dak van mijn klijne hut" (Dagboeke, 1:1). Dit is tewens opmerklik dat die eensaamheidsmotief vanaf 1843 soos 'n goue draad deur haar teologiese denke loop en telkens die oorheersende motief in haar teologiese belewenis vorm. Dit word as 't ware die spil waarom haar klem op bekering, geloof, bevinding, oorpeinsing en geloofsbelewing draai. Dit is egter die noue

[1] Die swak toestand van die Smit-woning het waarskynlik bygedra tot die afsondering in die gemeenskap. Kyk *Dagboeke* 18:54 (dagboek 18, bladsy 54) (haar klagtes oor die nattigheid van die huis); 18:67 (die skamele aard van die woning); 20:48, 49 (die bouvallige toestand); 26:26 (die huis het nie 'n binnedeur nie), ens.

verband tussen bepeinsing en geloofsbelewing wat gereeld binne die konteks van die eensaamheidsmotief na vore tree.[2]

Uit die beskikbare literatuur oor die teologiese denke van die Voortrekkers skyn dit asof die verband tussen bepeinsing en geloofsbelewing binne die konteks van die eensaamheidsmotief tot dusver nie voldoende aandag ontvang het nie en dat die moontlike korrektiewe wat dit op die kilheid van die rasionalistiese teologiese denke van die sewentiende en agtiende eeue kon bied nie voldoende in teologiese navorsing verreken is nie.[3] Om dié rede is die hantering van eensaamheid en afsondering in die dagboeke van Susanna Smit waardevol vir 'n insig in die teologiese denke van die Voortrekkers oor dié aangeleenthede.

## 2. "JEZUS MET ZIJNE DISCIPELEN ALLEEN OP EENE EENZAME PLAATS WAS BIDDEN …"

Van die standaard teologiese werke waartoe Sussanna Smit in haar man se boekery en elders toegang gehad het, is veral twee van besondere belang met die oog op 'n waardering van die eensaamheidsmotief in die literatuur van die Nadere Reformasie wat sy meerendeels tot haar beskikking gehad het, naamlik Wilhelmus à Brakel (1635-1711) se *Logiké Latreia, dat is redelyke godtsdienst, in welke de goddelyke waerheden des genadenverbondts worden verklaert* (eerste druk 1700) en Petrus Broes (1726-1802) se *De peinzend Christen, of bundel van stichtelyke gedachten voor de eenzaamheid* (1775-1776). Beide hierdie werke plaas 'n besondere klem op die geloofsbelewing in eensaamheid en afsondering

[2] Die rol wat bepeinsing in haar geloofswêrled gespeel het, blyk bv uit die volgende inskrywing in haar dagboek (2:13): "O mijn ziel heft uw op, zweeft hene naar ginsche oorden, daar waar de fontijne des lichts hare oorspronck heeft daer alleen is ruste voor uw. Deze uren beneden verblijft is een dal waar zonden woond, waar den dood heersch waar de uitnementen van 't menschen leeftijd slegsch moeiten en verdriet is …". Kyk ook die inskrywings in haar Dagboeke by 2: 17 ev; 4: 36; 6: 6, 7; 6: 57; 6: 60; 8: 21; 8: 24; 10: 31; 18: 53; 18: 61; 22: 3; 20: 28; 22: 6, 7; 26: 28.

[3] 'n Belangrike bron met die oog op die oorpeinsingsmotief in die Nadere Reformasie en die inslag daarvan aan die Kaap is die werk van Catharina Allegonda van Lier (1768-1801), suster van die invloedryke dr Helperus Ritzema van Lier (1764-1793), wie se geskrifte van stigtelike aard in 1806 uitgegee is as *Dagboek, Gemeenzame Brieven en Eenzame Overdenkingen … Geschreeven door wijlen Juffrouw Catharina Allegonda van Lier, aan Cabo de Goede Hoop; en, op haar Verzoek … uitgegeeven door Joannes Jacobus Kicherer, Predikant by de Hervormde Kerk en Zendeling onder de Heidenen in Afrika,* Utrecht, 1804 (2de druk 1806; 3de druk, 1840; 4de druk, 1852).

met spesifieke verwysing na die voorbeeld van Christus wat Hom ter bepeinsing in eensaamheid begeef het. À Brakel maak spesifiek melding van die "opwekkinge tot eensaemheyt" van die gelowiges: "Wel aen dan kinderen Godts/soekt het aengesicgte uwes Vaders in het verborgene/en neemt somtijds tijdt/en soekt eensame plaetsen/om daer te worstelen/te bidden/te schreyen/te roepen/te wachten op de vertroostinge des Heeren; …" (1726 II:496), omdat die Here Jesus aan ons die voorbeeld gestel het om na te volg. Hy het opgestaan, nog diep in die nag, en uitgegaan na 'n eensame plek om daar te bid (Markus 1:35). Hy het op 'n berg geklim om in eensaamheid te bid (Matthéüs 14:39). Hy het die tuin van Getsémané as sy gewone bidplek geneem (Lukas 22:39). Dieselfde gewoonte is ook by die geloofsvadere te vinde: Abraham (Génesis 15; Isak (Génesis 24:63); Jakob (Génesis 32) (1726 II:496). Die uitnemende voorbeeld van Christus noop die oproep om dieselfde te doen: "Gy dan/volgt haer na/en doet ook alsoo/en soo gy zonderling begerigh zijt/om daer in uyt liefde Jesus na te volgen/zijt versekert/hy sal u ook in liefde ontmoeten/en uwen arbeydt versoeten" (1726 II:496).

Met verwysing na Christus – "die volmaakt gepeinsd hebt" – sien Broes die eensaamheid as 'n geleentheid om onbelemmerd aan die menslike gedagtes vrye teuels te gee: menige Christen word sodanig deur die gedrang van die lewe voortgestu dat daar nouliks oomblikke oorbly "om, met agterlating van die esels aan die voet van die berg, met Abraham op te klim en hom/haar aan die godsdienstige bepeinsing oor te gee" (vertaling AWGR) ([vyfde druk 1783] 1904:17). Eensaamheid is 'n gawe van God tot onbelemmerde bepeinsing: "God, die God, dien ik mijn' Vader noem, beschikt mij deze eenzaamheid, en met haar de gelegenheid om onbelemmerd aan mijne gedachten den ruimen teugel te vieren" (1904:17). Die inslag van die bepeinsing wat daaruit voortspruit behels die beskouing van die Heiland se liefde; die herhaalde bepeinsing van sy uitnemendheid; die navolging van sy voortreflikhede; nadenke tot wysheid, regverdiging, heiliging; oordenking van die "aanminnige nadruk der namen, die Hij draagt; oordenking van al wat nuttig, aangenaam en verblydend is (1904:36-37) – alles fasette van die geloofsdenke van Susanna Smit wat deurlopend by haar na vore kom.

Ook ander "oude schrijvers" behandel godsdienstige oefeninge in eensaamheid as 'n selfstandige vorm van geloofsbeoefening. Bernardus Smijtegelt (1740:170), in sy negende predikasie, bespreek die verskillende vorme van godsdienstige beoefening, ook met verwysing na die eensame godsdienstige oefening van die individu se gewete. Met verwysing na Handelinge 24:16 beskou Smijtegelt sulke oefeninge as aanvaarbare geloofspraktyke wat nie van regsweë verbied sou kon word nie: "Daar zijn ook oefeningen die eenzaam zijn; de geschieden door afzonderige. De Heere Jesus ging op den berg alleen om te bidden, Isaak ging in het velt om te bidden; Petrus klom op het dak. Als men zig alleen oefent dan zoek men eens zijnen stant; wat daar al ontbreekt of men groeit in kennisse: in bidden; in danken; in verbond maken; en diergelijke. Hand. XXIV 16 zei Paulus, ik oefene mij zelven, ik exerceere mij om in eene onergelijke Conscientie te leeven. Hij wil dat ook in Timotheus hebben; oefent u zelven tot Godzaligheit. … Als de Plakkaten nu zulke oefeningen verboden dat zou tegen het Woord zijn; die behoeven dan niet gehoorzaamt te worden" (1740:170).

In van die mees populêre sangbundels van die Nadere Reformasie kom die fokus op eensaamheid as voorwaarde vir sinvolle introspeksie in die geloofslewe eweneens sterk na vore. In Wilhelmus Schortinghuis (1748-1801) se *Geestelijke Gezangen tot Ontdekkinge, Overtuiginge, Bestieringe en Opwekkinge van allerlei Soort Van Menschen, zoo Onbekeerden, als Bekeerden, …* ([1726] 1865) bring hy die afskeiding van die sondaar van die wêreldlinge en die voorkeur vir die geselskap van die vromes in rymtaal tot uitdrukking (*Bevindelijke Gezangen* 19:1, 2). Op die vraag aan die siel of dit op die breë pad van verderf wil voortgaan, kom die antwoord:

> *Neen, ô Neen* : mijn arme Ziele/
> U Geviele
> Eertijds dezen boozen raad/
> Maar nu weet ik/dat Uw lust is
> En uw' rust is
> Bij Jehova's Heilig Zaad.

Willem Sluyter (1627-1673) se *Buyten-Eensaem Huys- Somer- en Winter-leven* bevat talle voorbeelde van liedere wat die gedagte van eensame geloofsbeoefening versterk. In sy *Eensaem Huys- en Winter leven* (Gezangen) ([1680] 1838:59) lui die aanhef: "Die Jesus recht bemint, soekt meest stil en eensaem by hem te wesen", waarna die eerste twee verse die stille eensaamheid met God as belangrike voorwaarde vir gemeensaamheid met God besing:

> Weg eens/al mijn aerds bedenken
> 'k Wil my nu met u niet krenken[4]
> 'k Ben van al 't gewoel gants moe.
> Hier begeer ik na myn wille/
> Met mijn God te zijn in 't stilte.
> Daer op leg ik ernstig toe.
>
> Lieden die malkander lieven/
> Vinden goed en soet gerieven
> Door haer stilt en eensaemheyd:
> Soo/de ziel/met God gemeensaem:
> Ik ook geern' eens met hem eensaem/
> Om het geen op 't herte leyd.

Die beskikbaarheid van bronne uit Erasmus Smit se boekery wat in hierdie lyn staan, moes waarskynlik veel daartoe bygedra het om die klimaat vir beklemtoning van *eensaamheid* as voorwaarde vir *gemeensaamheid* met God te skep. Die teenstand wat die Smits in die loop van 1842 en 1843 in die Voortrekkergemeenskap van Pietermaritzburg ervaar het, het waarskynlik eweveel daartoe bygedra dat terugtrekking, afsondering, introspeksie in hierdie tyd onverbloemd in haar dagboekaantekeninge deurslaan. P L Olivier (1941:77) skryf dit toe aan die teenstand wat die Smits in die trekkergemeenskap ervaar het. Sy begin haar dagboekinskrywing op 16 Februarie 1843 op 'n terneergedrukte noot: "Eenzaam in mijne kamer beschreide ik de kracht der zonden die tegen mijne wille nog in mijn ligchaam was overgebleven, en

[4] Die verwysing is hier na Kol 3:2; Eks 1:8.

waardoor mijne ziel zoo geweldig enige dagen was geteisterd gewesen, toe ik den wind buite hoorde blazen, tegen het dak van mijn klijne hut" (Dagboeke 1:1). Dieselfde gees slaan ook deur in 'n latere inskrywing uit dieselfde tyd, waar sy die eensaamheid opsoek om haar gebedslewe, met die oog op die voorbeeld van Christus, te versterk: "Volgens Luk Cap 11:1 blijkt het dat Jezus met zijne decipilen alleen op eene eenzame plaats was biddende, en nadat den Heere geëindig had, een zijner jongeren Hem vroeg hem te leeren bidden …" (Dagboeke, 3:45). Deur die gebed in eensaamheid – ten spyte van "het bederf … dat in mijn hart woont" – word die binnekamer 'n Bethel; 'n huis van God, waar God neerdaal en die gees van nederigheid en verbryseling lewend maak. Olivier beskou die vervolgsugtige kwelling deur Sarel Cilliers, Filip Zietsman (prominente leier in die gemeenskap) en andere, wat die Smits in hierdie treurige omstandigehede gedompel het as een van die belangrikste redes vir hierdie versugting – tesame natuurlik, met die uitsiglose politieke omstandighede wat indertyd in Natal geheers het en wat meegewerk het tot onttrekking, afsondering, introspeksie, die soek van toevlug by God. "En in so 'n eensaamheid", skryf Olivier, "poog die siel makliker om weg te swewe met die vleuels van verlange na God" (1941:77-78). Die eensaamheid word die toevlugsoord vir die beoefening van die geloof, by name die gebed: "Vader wat zal ik met mijn zelfs beginnen ik weet geen Raad help mij barmhartig Heer uw grote naam tereer. Ach kom mij tog te stade, vergeef de zware schuld die mij met schrik vervuld bewijs mij uw genade, en dan weder op de knieën. Ach Heere ziet toch mijn smarte, pijn en elende aan, en verlost mij van de hoogmoed, eerzucht, warelds gezindheid" (Dagboeke, 1:9 [18 Februarie 1843]). Daar beleef sy 'n persoonlike ontmoeting met God tot verkwikking van haar gekwelde gemoed: "Zij die geroepen zijn tot den Bruilof des Lams, kan nooijt twijfelden want de *stemme* des roepende klinkt … door en hart met een ontwijvelbaare kragt en blyf als eene diamanten indruksel of graveerzel in het harte geplant" (Dagboeke, 2:53 [Augustus 1843]). Die eensaamheid word dus as 't ware 'n pelgrimsreis na die allerheiligste vir die persoonlike ontmoeting met God.

Die sterk oplewing in konventikel-byeenkomste in die 17de en 18de eeu moet teen die agtergrond van die sug na 'n vroom en toegewyde lewenswandel gesien word. Dit staan in die verlengstuk van die ontwikkeling in die rigting van konventikels in die tydperk van die Nadere Reformasie, waarvan Van 't Spyker getuig: "Maar die vraag naar het kleinere onderlinge byeenkomsten bleef levendig" (W van 't Spijker 1986:13). By Susanna Smit en haar man word vroomheid die dryfveer vir hierdie ontmoetings. Deur die konventikel-byeenkomste word die eensaamheidsgerigtheid verder versterk, soos uit van die mees gelese literatuur van die Nadere Reformasie in die Kaapse binneland en in die huise van die voorpospioniers blyk. Die "oude schrijver", Bernardus Smijtegelt (1663-1739), verwys na hierdie "particuliere samenkomsten" of "private oefeningen" waarin groepies vrouens saamgekom het en één van hulle die gawe besit het om te bid en 'n stigtelike woord te spreek (veral in sy *Des Christens Heil en Cieraat,* 1740). Volgens Smijtegelt bied sulke geselskappe die geleentheid om saam te bid, te dank, gemoedsgevalle te behandel en mekaar te bemoedig en te vertroos (1740:170).[5] Hy wys egter op die gevare wat die koventikel-byeenkomste inhou, onder andere omdat dit tot geestelike hoogmoed kan lei en die "kleinen in de genade" kan vertrap (1740:171). Hy wys ook op die gevaar dat gelowiges die openbare kerkdienste en die wettige dienare van die kerk kan verag deur eerder die byeenkomste van die vrome geselskappe op te soek. Hy gee egter toe dat, waar gelowiges saamkom, dit 'n goeie doel kan dien. Die klem by sulke byeenkomste sou op heiligmaking kon val: "Vindt gij eenen Christen/die afgetrokken leeft van de waereld, die leeft na bij God en nabij zijn herte; en daar de Geest der Heiligmakinge in gevonden wort, zonder eenige gemaaktheid, zoo een steelt uw herte? 't Is een Parel van een mensch? 't is wat raars, als iemand onbestraffelijk leeft in 't midden van een krom en verdraait geslachte, Philipp. II:15, Hij overtreft 'er zoo veele, of het een groot, of klein Christen is, of het een rijk of een *arm* schepseltje Is; hij beschaamt 'er zoo vele die in verval zijn: die in doodigheid zijn verwakkert hij" (1740:158).

---

5 Smijtegelt verklaar van hierdie oefeninge (1740: 170) dat dit geleë is: "In het bidden; in het danken; in den heiligen oorlog; in te handelen over gemoetsgevallen; in regels van voorzicgtigheit, moetgevingen en troost te geven".

Ook Wilhelmus à Brakel het in Leeuwarden tot die hou van konventikels oorgegaan (J van Genderen 1986:166). In die 1739-uitgawe van sy bekende werk, *Redelijke Godsdienst*, word in die voorberig aan die leser eksplisiet propaganda vir die gebruik van dié werk by die konventikel-byeenkomste gemaak: "Of laat iemand in een gezelschap een Kapittel uijt dit Boek of een gedeelte daarvan tot stigtinge voorlezen; ende laat het gelezene dan aan het gezelschap stoffe geven tot onderlinge stigtelijke samensprekingen, 't zij over de Waarheden, 't zij over de Praktijk" (1739 I: Berigt aan den lezer).

In die Kaapse volksplanting is die konventikel-pratyk voortgeplant deur die bediening van ds M C Vos (1759-1825), soos hy ook in Ceylon gedoen het. Dit was trouens so 'n algemene praktyk in Nederland dat Brienen, Exalto, Van Genderen en ander (1986:360) sover gaan om die "binnenkerkelijke seperatisme" as 'n uitstaande kenmerk van die Nadere Reformasie te beskou. Dit is dus nie vreemd dat die Voortrekkergemeenskap met sy "binnekerklike verdeeldhede" ook die geneigdheid tot konventikelvorming sou vertoon nie, in die geval van Susanna Smit ook versterk deur haar voorliefde vir afsondering en eensame oorpeinsing. Die "publieke" manifestasie van haar bevindelike oordenkings het dus as 't ware sy logiese uitdrukking in die konventikel-byeenkomste van die Smit-egpaar met enkele vriende gevind. Hier kon die gespreksgenote hul bevindelike waarnemings en gewaarwordinge met mekaar deel.

## 3. "… DAT DOET MIJ MENIGMALEN EEN KLOOSTERLEVEN BEGEREN, OM ONAFGETROKKEN DE HEERE TE DIENEN."

Die inslag van bepeinsing en askese in die na-Middeleeuse teologie kan in 'n groot mate tot die invloed van Thomas à Kempis (c 1380-1471) teruggevoer word. In boek I, hoofstuk xvii van sy *Navolging van Christus* wy hy aandag aan die kloosterlewe (in die Nederlandse vertaling van 1687: *Van het eensaam Leven*). 'n Lewe in afsondering is 'n prysenswaardige opoffering: "Ghy moet u selven in veel dingen leeren breken/soo ghy vrede ende eendracht met ander

Luyden begeert te houden. ‘t En is geen kleyne sake in een-same plaetsen ofte in veler geselschap te woonen/ende daer sonder twist te verkeeren/en tot de doodt toe getrouw en geloovigh te blijven” (1687:41 [hfst XVII]).[6] Die asketiese afsondering met die oog op die diens van God vereis dat die oordenking vanaf die “hoogdrawende” na die Goddelike dinge verplaas moet word – dit word moontlik gemaak deur die liefde vir die eensaamheid en die stilte: “Soeckt een bequamen tijd/om op u selven te letten: Ende gedenckt dikwils op de weldaden Gods. Laet de hoogdrawende dingen berusten … Ghy sult bequamen tijd genoegh vinden om in goede overdenkingen te volharden/soo ghy u selven ontreckt alle overtollige woorden in t’samen in sprekingen en on-nutte omwegen / en van alle nieuwe tijdingen en geruchten te hooren” (1687:51 (hfst XX: Van de Liefde des eensaemheyds ende stilte). In van sy ander werke (byvoorbeeld die Nederlandse *Eenige Tractatjens* van 1680) skemer die asketiese motief eweneens sterk deur: Vlug weg van die wêreld en die duiwel (*Het Hofken der Roosen*, hoofstuk ii); verenig met God (*Het Dal der Lelien*, hoofstuk xxix), welke vereniging van die siel met God à Kempis beskryf as die balsem op die lyding van die gelowige: “O mijn Godt/als ghy komt in het huys van een ziele die bemint/en sult gy haer dan niet voeden met u melk/en somtijts oock leyden buyten Haer selven/overmits u overvloedige soetigheyd om u te begrijpen sonder eenige lichamelijke figure is?” (*d’Alleensprake der Ziele*, hoofstuk xiii). So populêr was sy werke dat verskeie uitgawes daarvan in die loop van die 17de eeu in Nederland onder die gereformeerde kerkvolk in omloop was.

Alhoewel nie reglynig en eenduidig nie, het die Nadere Reformasie reeds in die werksaamhede van sy grondleggers die onverbloemde invloed van à

---

[6] In die aanloop tot dié hoofstuk kom die volgende betekenisvolle vers deur die vertaler, Cornelis Boey, voor:

Eensaem Leven (dat men prijst
Als het uyt een af-keer rijst
Van de Wereldt, en uyt lust
Om in Godt te zijn gerust.)
Ghy zijt Heyligh, voor u doodt,
Rust ghy in des Hemels schoot.
Hem beleeft ghy, ghy siet hem,
Ghy hoort dagelijcks zijn stem.
En als u de doodt ontbindt,
Weet ghy waer men Christum vind.

Kempis se asketiese inslag vertoon. W J Op 't Hof (1987:151 e v) wys eksplisiet op die deurwerking van à Kempis se invloed op die teologiese werk van Willem Teellinck (1579-1629), terwyl W van 't Spijker (1989:45) wys op die feit dat in sy *Sleutel der devotie ons openende de deure des hemels …* (1624:Opdracht) Teellinck self erken dat hy veel aan à Kempis se *Navolging van Christus* ontleen het. By Voetius ((1589-1676) slaan die invloed van à Kempis eweneens onmiskenbaar deur. Volgens W van 't Spijker (1986:49) het Voetius op jeugdige ouderdom met à Kempis se *Navolging* in aanraking gekom. Voorts het hy self 'n uitgawe van dié werkie versorg en positief op die werk van à Kempis gereageer (Van 't Spijker 1989:35). In sy *Exercitias pietatis* sluit hy oor die eensaamheid direk by a Kempis aan (1664:437).[7] Voetius gee, in sy siening oor die teologiese asketika, ook duidelike blyke dat die "exercitium pietatis" in sy teologie by à Kempis se teologie in sy *Navolging van Christus* aansluit.[8] Alhoewel Wilhelmus à Brakel in sy *Redelike Godsdiens* 'n waarskuwende stem teen deel vier van à Kempis se *Navolging van Christus* (vir sover dit nie sy werk is nie, maar "van een ander daer by gelapt") laat hoor, waar hy handel met "Waerschouwende Bestieringe tegen de Piëtisten, Quiëtisten en diergelyke, afdwalende tot een natuurlyken en geesteloosen Godtsdienst, onder de gedaente van Geestelyk-heyt" (I:1080, op 1081), verdedig hy die ander drie dele van à Kempis se werk as "dat uytnemende Tractaet van de *Navolginge Christi* in drie boeken". In deel twee van sy *Redelike Godsdiens* omskryf à Brakel die status van eensaamheid in die geloofsbeoefening: eensaamheid is 'n onontbeerlike voorwaarde vir goddelike oordenking sodat die heilige meditasie, oftewel geestelike oordenking,

---

[7] "Solitudo et secessus per se non est exercitium pietatis, sed tanquam adminiculum aut conditio sine qua non, aut tanquam removens impedimentum". Op 438 skryf hy: "Quod ad solitudinem quam eremum, collectionem mysticam, secessum mysticum appellant scriptores mystici apud Sandeum, Comment. 2, p 278, quaeque secundum contemplationis gradum facit, ea, quia per raptum aut ecstasin ibidim explicatur, ad rem, de qua hic agimus, non pertinet". Kyk ook ibid, 46-49; 57, 58; 69-83.

[8] Op 1 verklaar Voetius: "Ascetica est doctrina theologica, seu pars theologiae, quae continet methodum ac descriptionam exercitium pietatis." Waar hy dan met die skrywers oor hierdie gedeelte van die godgeleerdheid handel, opper hy die vraag (op 8): "An inter asceticos libellos in Papatu editos, multis modis excellat Thomas à Kempis in libello de Imitatione Christi?" Sy antwoord lui: "*Aff* Idque *1.* Ob perspicicuum et simplicem et nihilominus emphaticum stylum; *2.* Ob perpetuam commendationem et praeformationem abnegationis sui ipsius; inhaesionis in Domino Jesu; suspirationis et contentionis ad spiritualia ac caelestia; *3.* ob insigne tesimonium veritati et pietati, in mediis tenebris Papatus perhibitum; nominatim in capite de gratia Dei omnimoda, cum exclusione virium et meritorum hominis."

synde 'n Godsalige oefening waarin die Godsalige met 'n van die aarde afgetrokke en ten hemel verhewe hart God en die goddelike dinge, wat tevore aan hom bekend was, herdenk en met sy gedagtes beskou, om daardeur ingelei te word in die kennis van die goddelike verborgenheid, in liefde ontbrand te word, te vertroos en tot 'n lewendige arbeidsaamheid aangewakker te word[9].

Die belangrikste elemente van die asketiese geloof soos dit in die Nadere Reformasie tot ontplooiing gekom het, is by Susanna Smit te vinde. Eerstens die neiging tot die eensame afsondering as toevlug in tyd van beproewing. Vanaf Augustus 1842 tot Augustus 1843 het eerwaarde Erasmus Smit slegs 204 Riksdalers as toegif vir die werk wat hy as evangeliedienaar op trek gelewer het (Schoeman 1995:129) ontvang – dit was 'n jaar waarvan Susanna Smit getuig dat dit 'n jaar "van zwaar gebrek en kommer" was. Die feit dat sy die weerstand teen die prediking van die ou heer Smit as 'n persoonlike vervolgsug beleef het, tesame met die gebrek aan inkomste, het dit vroeg in die jaar 1843 vir Susanna Smit onmoontlik gemaak om haar persoonlike gemeenskap met God onbevange te beoefen, sodat 'n kloosterlewe begeerlik geword het: "Doch mijne leeven is een moeijelike zukkeling van ziekten en bezigheden, zoo dat ik naauwelijks uit kan breken in eenige overdenkingen waar toe ik meest al den nacht of zeer vroege morgen moet nemen … Dat doet mij menigmalen een kloosterleven begeren, om onafgetrokken de Heere te dienen …" (Dagboeke, 18:37 [15 Oktober 1845]). In 'n latere inskrywing in haar dagboek (10 Mei 1846) slaan haar persoonlike liefde vir die eensame oorpeinsing onverbloemd deur:

> Ik heigd naar een eenzaam en stil leeven ver van het gewoel der stad, onvergezeld van menschen om al mijn tijd met bidden, leezen, peinzen, en schrijven door te bringen. In den hoop, dat ik dan minder zonden zal doen, en meer gemeenzaam met God te leeven. Maar ziet, nu heb ik drie dagen in mijn kamer door gebracht. En had de schoonste gelegenheid om mij in dien eenzaamheid met Godgewyde overwegingen bezig te houden …
>
> (Dagboeke 20:52)

[9] 1726 II: 496. À Brakel konkludeer: "Wel aen dan kinderen Godts/zoekt het aengezigte uwes Vaders in het verborgene/en neemt somtijds tijd/en zoekt eensame plaetsen/om daer te worstelen/te bidden/te schreyen/te roepen/te wagten op de vertroostingen des Heeren; ..." (ibid).

Tweedens skep die eensame oordenking en aanbidding ’n geleentheid wat nie slegs ’n teoretiese sielevlug behels nie, maar die gelowige in sy/haar totale menswees prakties betrek; dit sluit in die direkte en persoonlike kommunikasie met God, soos Susanna Smit op 1 Maart 1846 in haar dagboek liries getuig:

> Eenzaam ben ik en ellendig
> Maar ik weet God kent mijn lot.
> Naar het ligchaam en inwendig
> Roept ik staag om hulp tot God

(Dagboeke 20:1)

Die praktiese geloofsbeoefening kom egter ook daarin tot uiting dat God in hul armoede en geldelike nood telkens voorsien – al is dit soms moeilik om in die verdrukking deur hulle wat finansieel beter daaraan toe is, te berus: “(H)oe menig maal daalde den vrede van onze God in de arme hut van den twee verdrukten, hoe warmde wij ons in den liefde van onzen Zaligmaker en verheugde ons met een stukje droog grofbrood en 4 a 6 zacht gekookte ijeren en een kopje bitter koffij van gebrand mielies daarbij terwijl onze vijanden zich verlustigen aan hunne ruime tavels” (25 September 1843).

Derdens word die fokus in die eensame oordenking vanaf die hoogdrawende en hoogmoedige na die konkreet-sondige en die neergeslane hart verplaas. Op 16 Februarie 1843 beskryf Susanna Smit in haar dagboek hoe die tasbare stryd teen die sonde in haar geloofslewe sy paralel vind in die krag van die natuurelemente wat sy buite hul armoedige huisie hoor woed: “Eenzaam in mijn kamer beschreide ik de kracht der zonden die tegen mijne wille nog in mijn ligchaam was overgebleven, en waardoor mijn Ziel zoo geweldig enige dagen was geteisterd geworden, toen ik den wind buite hoorde blazen, tegen het dak van mijn klijne hut”. In die woorde van à Brakel (1726 II:494-495) word die praktiese geloofsbeoefening deur die “trachten na een eensame gestalte der ziele” primêr op God gerig:

> Ik ben geworden als een eensame mussche op het dak. Ps. XXII:21. Reddet myne ziele van den zweerde; myne eensame van 't gewelt des hondts. Ps XXXV:17. Brengt myne ziele weder van haerlieder verwoestingen; myne eensame van de jonge leeuwen. Tot deze geduurige eensaemheyt behoort ook het leven met Godt / los aen de schepselen / ende met Godt vereenigt moeten te samen gaen.

Alhoewel volledig binne die kaders van die mistieke geloofsbelewing, deins dit egter terug van die *mistisisme* wat daartoe neig om die belewing as sodanig en nie God nie te soek.

## 4. " … DAAR IK MIJNE ZIEL IN BEWEGING GEVOELDE GING IK SPOEDIG WEDER NAAR HUIS OM DE EENZAAMHEID TE VINDEN …"

Die mistieke bevinding in afsondering en eensaamheid is 'n kenmerk van die Nederlandse Nadere Reformasie. Die Middeleeuse wortels daarvan gaan terug tot die prediking van Jan van Ruysbroek (1294-1381) en Johannes Brugman (1400-1473) (Brienen 1981:21-22). Tiperend van die mistieke beklemtoning is "de lust en neiging tot een 'ynnig' leven" (Reitsma 1949 [vierde druk]:20). Ph J Huiser (1955:16) gee die volgende aanhaling van Brugman se tipiese bruids-mistiek wanneer hy hom tot die kloostersusters wend:

> Mijn allerliefste, gaat ge niet elke avond met Jezus naar bed? En zo ge het doet, waarom wilt ge dan een overspeler behagen? Ik zeg u in der waarheid: als Jezus komt en vindt, dat een ander zijn plaats heeft ingenomen, zo zal hij zich terstond met grote verontwaardiging van u afkeren en weggaan … want het beddeke van uw hart wil hij tot zijn geneugten alleen gebruiken en hij wil geen vreemden toelaten, want hij is een veeleisende en teergevoelige bruidegom en een enig minnaar, daarom wil hij uitsluitend door u bemind worden.

Na 'n periode van oorheersing van die ratio in die geloofsbeoefening, ontstaan daar teen die begin van die 17de eeu weer 'n behoefte aan en fokus op die gevoel, die innerlike mens en sy bevinding, vir die mistiek in die Gereformeerde

teologie en prediking (Brienen 1981:189-190). In die Nadere Reformasie mond die Christelike mistiek uit in ’n beklemtoning van meditasie, kontemplasie, sowel as die introspektiewe en teospektiewe elemente in onderlinge verband. In die mistiek van die Nadere Reformasie val die klem volgens Van Ruler (1971:50 ev) eweneens op die bruidsrelasie met Jesus Christus – tiperend van die Christelike of trinitariese mistiek. Aalders (1928:312 ev) wys daarop dat die mistiek deurlopend ’n relasionele aard vertoon – dit vertolk die verhouding tussen God en mens op so ’n wyse dat die eenwording met God; die lewende betrekking met God en die direkte gemeenskap met God in die sentrum staan. Vanuit hierdie hoek besien, loop die tendense tot die mistieke in die Nadere Reformasie wyd en diep. In die geval van Voetius maak Brienen (1981:103 e v) selfs melding van die “asketies-mistiek-praktiese” boodskap in “klassiek-skolastiese vorm” in Voetius se prediking. Die klem op geloofsoefeninge in die vorm van meditasies en kontemplasies langs mistieke lyne in Theodorus Gerardi à Brakel (1608-1669) se teologie, word deur Brienen (1989:144) tot die Middeleeuse invloede in hierdie verband teruggevoer vir sover à Brakel staan “binnen het kader van van het zuchten naar en gevoelen van de innige liefdesgemeenschap met de hemelse Bruidegom”. Brienen se waarneming is korrek – in sy werk *Het geestelijke leven ende de stant eens geloovigen mensches hier op aarden, en eenige kenteeckens, waar uyt een geloovigh mensche hem kan verseeckeren dat hy van godt is bemindt* (22$^{e}$ druk, 38, 50, 57) kom die verband tussen bepeinsing en mistieke bevinding duidelik na vore. Onder die opskrif “Van de Oeffeninge die men bezonder in den Morgenstont zal oefenen” (op 38) word die mistieke liefdesband van die gelowige met Christus aan die orde gestel: Dié gemeenskap met God gaan met “afzondering tot heerlykheit” gepaard. Die gelowige “zult wel bevinden, dat God zal der zegen toe geven” sodat nou en dan God se troos in die hart neerdaal en indien die geestelike ingesteldheid van meditasie nie tereg kom nie, moet die gelowige uit die Skrif lees, “want zomtijds geeft de Here door het lezen, als ook door het zingen wel zoete vermakingen in 't herte ..." (op 50). Veral die oorpeinsing van die lyding en sterwe van Christus bring vertroosting “in het midden van alle myne benaauwtheit/aanvegtinge en ontroeringe mynder

conscientie …" ter ervaring van "vrede/blydschap en die vriendelyke omhelzinge myns Bruidegoms Christi: alzo dat daar door de beroerten mynder ontstelder ziele dikmaal zyn te vreden gestelt …" (op 56).

Die inslag van die mistieke teologie van die Nadere Reformasie kom veral sterk aan die lig in die prediking van Jodocus van Lodenstein (1620-1677). Onder die invloed van Voetius herinner Lodenstein se prediking aan dié van die bruidsmistiek van Brugman (Brienen 1981:109, 114) vir sover sy prediking oor veral Hooglied 5:3 en 8, 1:4, 7:1 en 2:4 dieselfde inslag as dié van die vroeëre bruidsmistiek vertoon (Boot 1971:117, 183). Reeds in die voorwoord van Lodenstein se *Geestelijke opwekker voor het overloochende, doode, en geesteloose Christendom: voorgestelt in X predicatien …* (1701:fol. 1) wys hy daarop dat vele sogenaamde Gereformeerdes hulle vergenoeg met 'n liggaamlike godsdiens "sonder veel zielsbewerking". In sy prediking oor Hooglied 1:4: "De Koning heeft my gebracht in sijne binnen-kamer" (fol. 258), beklemtoon hy die mistieke omgang met Christus: "Wy verstaan daar door die GEVOELIGE LIEFDE Christi, en de alderinnigste Gemeynschap der zielen met Christo." Om in die binnekamer met Christus te verkeer beteken om heeltemal alleen te wees met God, "even als of wy waren op een Eyland en van alle menschen afgescheyden: en wy hadden daar de aldersoetste gemeenskap met malkander" (fol. 269). Alhoewel Lodenstein hier handel oor die nagmaal, is die fokus deurentyd op die geestelike afsondering.

By Petrus Broes val die klem soortgelyk op die *ervaring* van God se teenwoordigheid, met 'n sterk klem op oorpeinsing en oordenking. By Broes staan die vryheid wat bepeinsing bied (1904:19) voorop – 'n vryheid van onbeskryflike waarde: wanneer die hart in die geloof van aandoening bloei en trane uit die oog vloei, dan moet die gelowige hom in die teenwoordigheid van andere beteuel, maar in afsondering en eensaamheid is hy/sy volmaak vry, tot dié mate dat Broes uitroep: "Aanminnige eenzaamheid! Hemelpoort!" Op welke wyse kan die liefde tot Christus aangevuur word? Beskou die Heiland se liefde; bepeins by herhaling sy uitnemendheid; volg die kring van sy voortreflikhede; bedink tot wysheid, regverdiging, heiliging, tot verlossing is Hy aan my gegee;

bepeins die “aanminnige nadruk der namen, die Hij draagt”, bedink al wat nuttig, aangenaam en verblydend is ensomeer (1904:36-37) ter opbou na die ervaring van die eenwording met Christus: “Bepeins, o mijne ziel dat alles, en voelt gij niet, dat uwe liefde, opgenomenheid en begeerte naar vereeniging en gemeen-skap in beweging raken? Vurige kolen, vlammen des Heeren!”

Die plotselinge mistieke ervaring en die belewenis van vereniging met Christus speel ’n groot rol in die teologiese denke van Susanna Smit. Op 20 September 1847 teken sy aan hoe die mistieke belewing van ontmoeting met Christus haar dryf om in eensaamheid te wees, en haar op weg op ’n besonder emosionele wyse oorval: “… in den namiddag bezocht ik mijne Vriendin Kestell. Maar daar ik myne Ziel in beweging gevoelde ging ik spoedig weder naar huis om de eenzaamheid te vinden was naauwlijks tot half weegs gevordert of mijne Ziele oogen peilde op naar booven. En vond haren liefsten Bruidegom zoo regt beminnelijk en overschoon. Hoe ik dien eind weegs verder is overgekomen zonder te struikelen over de gras-polders en te vallen, weet ik niet, want ik ging over de onbebouwde Erven daar geen straat is, met hart en oog ten hemel geslagen, terwijl mijn mond overvloijde tot Zynen lof …” (Dagboeke, 34:37).

Die eensaamheid word vir haar ’n beskermende mistieke ruimte waar nie ingedring mag word nie, sodat sy op 8 Oktober 1847 kan opteken hoe, nie soseer haar slaap nie, maar haar eensaamheid wreed versteur is deur ’n klop aan haar deur: “Uit dien gepeijns werdt ik geruk door iemand die op de deur klopte. En ik schrok omdat ik mij nog op het bedde bevond. Hier was mijne zoete eenzaamheid gestoord. En ik vandt dat ik reeds te lang in mijn slaap kamer was gebleeven, want de zon begon hare stralen uit te zenden” (Dagboeke, 35:40). Die behoefte ontstaan dikwels by haar om ten minste ’n gedeelte van die dag in eensaamheid te oorpeins – ’n begeerte wat soms in die wiele gery word: “In den morgen van dezen dag hoopte ik in staat gesteld te zijn, ten minsten, een gedeelten van den dag in de eenzaamheid door te bringen, maar dat kan niet zijn, want mijn spraakzame vriendin M K kwam naar gewoonten tot onzen huizelijken godsdienst … Ik luisterde wel naar haren voorleizing maar begreep er wynig van, want mijn ziel begeerde de eenzaamheid

…" (Dagboeke, 37:37, [Sondag 30 Januarie 1848]). Die persoonlike en subjektiewe omgang met Christus in eensaamheid word die oorheersende begeerte in haar lewe; 'n beheersende gevoelsbehoefte: "O hoe verlang mijn ziel haren vriendelijke Heer Jesus Christus weder in het oog te krijgen … Slegts eene aanblik van uw liefd dringend oog is genoeg om mijn weder te omgorden met kracht en drang ten goede. Ach zalige aanblik, uwe warmte veranderd de koude hand, des doods tot een koesterende bakermande voor hen die Jesus lief hebbe …" (Dagboeke, 3:16). Die "aanminnige eenzaamheid" word die voorwaarde vir die uitlewing van die asketiese vroomheid, in aangrypende taal verwoord:

> O Mijne Ziel heft uw op, zweeft hene naar ginsche oorden, daar waar die Fontijne des lichts hare oorspronck heeft, daar alleen is ruste voor uw. Deze uwen beneden verblijf is een dal waar zonden woond, waar den dood heersch, waar de uitnemensten van 's menschen leeftijd slechs moeiten en verdriet is. De Zonde eet voort als de kanker, en de smerte vergezeld, daarom is de dach des doods beter dan die op welke men geboren wort. Die de waereld liefheeft, zoek vermaak, en vind die op velerande wijze, maar zij die de waereld niet liefhebben is een wandelaar, die naar zijne bestemmeng zoekt en veelmaals vertwijfeld op zijne staf staat te leunen, naar de wijde bovenruimte de oggen rondwendende, en Ach! Wanneer is het morgenstond: maar o wat dunkt u mijne ziel bedroefde hudt bewoonner, is niet den hutte die gij bewoond, die gij zoo moeijlijk moet voortslepen, op rijs, een stervelijke een haast vermolmde, hand-vol aarde? Die bij het voortslepen steds minder word, en wel haast geheel zal zijn te niet gedaan? …
>
> (Dagboeke, 3:13, 14)

## 5. SAMEVATTING

Die evaluering van Susanna Smit se ingesteldheid tot oordenking en afsondering, moet noodwendig geskied teen die agtergrond van die belangrike impak wat die piëtisme op die teologie van die Nadere Reformasie uitgeoefen het. Van die hoofresultate van die piëtisme skryf Olivier (1941:86) dat dit opnuut die belangrikheid van godsdienstige ondervinding (ervaring) aangetoon het. Dit

het die godsdienstige waarde van gevoel en van praktiese Bybelstudie na vore gebring en ’n nuwe impetus aan himnologie en godsdienstige poësie gegee. Van besondere belang is Olivier (1941:86) se mening dat die stroompie van die piëtisme wat in ons godsdienstig-teologiese verlede gevloei het, nie verniet was nie: “Uiterlik staan die piëtisme bekend as ’n beweging wat uitgedien is, maar vir diegene wat ’n ruimer blik neem, is dit duidelik dat dit nie as ’n invloed verlore geraak het toe dit opgehou het om ’n onafhanklike loop as beweging te besit nie. Die gees van piëtisme het sy liggaam oorleef en leef nog steeds voort in elke vorm van intensiewe en vroom godsdienstige lewe” (1941:8). Voorts verklaar Olivier (1941:87) dat Susanna Smit nie in die piëtisme as beweging gestaan het nie, maar Gereformeerd gebly het, alhoewel “sy daardie gees adem, van daardie lewe *vol* is”, en dat ons dit nie hier met metodisme te make het nie, maar wel met die Gereformeerde piëtisme in die sin waarin A Dreyer dit bedoel.

> In Nederland is het (die Piëtisme) vrucht van eigen bodem, ouder dan het Duitsche van Spener … Wel is er invloed van Schotse puriteine met name op de Zeeuwsche Teellincks, vooral Willem, predikant te Middelburg, sinds 1613, die door geestelijke oefeningen, vasten, strenge zondagsrust, sober leven velen tot bekeering riep – een der zuiverste vertegenwoordigers van dat Nederlandsche piëtisme, dat bij de Voetianen vele aanhangers vond, bijv. bij Willem à Brakel, bij den kring van Voet te Utrecht, bij Jodocus van Lodenstein.

Op grond hiervan kom Olivier (1941:87) tot die gevolgtrekking dat Susanna Smit steeds Gereformeerd gebly het, alhoewel sy ’n piëtis was.

Karel Schoeman (1995:160 e v) plaas die vroeë inskrywings van Susanna Smit oor haar eensame oorpeinsinge veral binne die konteks van haar bekeringsproses wat in Julie-Augustus 1837 plaasgevind het en voltrek is in die loop van die verhuising uit die Kolonie, die vestiging in Natal en die teenkanting wat Erasmus Smit as prediker ervaar het, gedurende jare wat gekenmerk is deur gevaar, geweld, ontwrigting, persoonlike verlies, spanning, antagonisme en toenemende vereensaming, “en wat moontlik ten dele met die begin van haar

lewensoorgang saamgeval het" (1995:161). In hierdie omstandighede het sy waarskynlik weer 'n lewendige behoefte begin voel aan die vertroosting wat die geloof haar kon gee, en die groeiende afsondering wat sy en Erasmus oor die volgende dekade op Pietermaritzburg belewe het, het haar alle geleentheid vir inkeer gebied (1995:161). Schoeman (1995:161) doen egter besondere moeite om die vroeë inskrywings van Susanna in verband te bring met die politieke gebeure wat in die loop van die eerste gedeelte van 1843 in Pietermaritzburg afgespeel het, "toe Susanna besig was om op besonder militante wyse op te tree as leier van die vroue wat hulle teen die Britse oorname van Natal verset het" (1995:162). Schoeman (1995:162) voeg dan by dat alhoewel daar geen verwysing in die dagboeke na hierdie gebeure skyn te wees nie, daar in dieselfde tyd verskeie inskrywings voorkom wat toon dat sy bewus was van die feit dat die aggressiewe, onbeheerste Susanna van die konfrontasies met Cloete, die "ou" Susanna van voor die "overgang", nie in ooreenstemming was met die ideaal wat sy moeisaam begin nastreef het nie (1995:162). Schoeman verwys dan na die volgende belangrike passasie uit haar dagboeke, gedateer "woensdag morgen bij starren licht, 24 Augustus 1843", enkele weke ná die Volksraad se finale besluit tot onderwerping aan die Britse gesag:

> Verberging van Jezus' vriendelijk aanschein, dat komt meestal naa ontevredenheid over mijne aardsche tegenspoeden of wraakzucht over diegenen die mij, zoo ik meene, ten onregte verdrukke, dat zijn zonden die mijn nedrige, zachtmoedige, leidzame Heiland in mij niet scheind te wille verdragen, wanneer ik mij, door de zonden bestreden, daarin toegeeft, verbergt Jezus zich, en ik moet het altoos met vele menens[?] bezuren, maar streid ik ertegen, dan ondervind ik dat Hij mij help, en ik heb grote vrede.
>
> (1995:162)

In haar waardering van die teologiese denke van Susanna Smit, wys K Roodt-Coetzee (1961:29-44) op die feit dat Susanna se dagboekaantekeninge teen die

agtergrond van haar voorafgaande lewensloop gelees moet word. Eerstens was die omgewing waarin sy opgegroei het sterk onderhewig aan die invloed van die piëtistiese atmosfeer wat tiperend van die tyd aan die Kaapse volksplanting was en het dit neerslag gevind in die populêre lektuur. Sy skryf naamlik dat, aangesien die Christen geen vermaak in wêreldse dinge vind nie, "zoeken sij boeken tot eere van Jesus geschreven en waar geestelijke onderwijs in te vinden is. Zoo als de lieflijke werken van Abrakel, Erschine, Mijsras, Emmens, Van der Groe, Newton, Herwij, Broes, Molenaar …". Sy haal ook aan uit die Evangeliese Gesange van Hieronymus van Alphen en versoek ene Frederick Wijers om *De Donderslag der Goddelosen* deur Cornelis van Niel (c 1650) te lees. Tweedens vind Roodt-Coetzee (1961:39) by Susanna iets wat dieper gaan as die piëtisme, naamlik 'n mistieke ervaring. Anders as die piëtisme, wat plek en tydgebonde is, 'n reaksie teen 'n dorre, rasionalistiese vormgodsdiens, wat in die latere sewentiende en agtiende eeu algemeen was, sien hierdie skrywer die mistiek as 'n verskynsel wat in alle tye en byna in alle godsdienste voorkom en, omdat die mistiek bo alles intiem persoonlik is "en so gebonde aan die eenselwige, innerlike ervaring van 'n individu, is die mistikus geen skoolvormer nie" (1961:39).

In hulle analise van Susanna Smit se persoonlike omstandighede, kom Maria Hugo en K W de Pauw (1991:8-13, op 11) tot die gevolgtrekking dat daar 'n tendens van onttrekking by haar te bespeur is, wat mettertyd daartoe lei dat sy haar aan die gemeenskap onttrek en haar aan haar godsdienstige bepeinsinge en skryfwerk wy. Sy bekommer haar oor haar eie sondige neigings en sieleheil en dié van haar seuns. Die drome en gesigte wat na haar kom, beskou sy as deur God ingegee om as openbaringe of waarskuwings te dien. Sy is ook besorg oor die godsdienstige rigting wat die prediking van eerwaarde Daniel Lindley inslaan, wat volgens haar nie suiwer Gereformeerd is nie. Sy woon nie meer die kerkdienste by nie en gebruik ook 'n tyd nie meer nagmaal nie. Sy ontwikkel sterk piëtistiese en mistieke neigings, ensomeer.

Die ware redes vir Susanna Smit se onttrekking uit die samelewing en haar asketiese geneigdheid moet waarskynlik in sowel die invloed van die teologiese weerstand teen die sewentiende en agtiende eeu se rasionalisme as

die impak van die persoonlike en politieke woelinge in die Pietermaritzburgse gemeenskap gesoek word. Die piëtistiese invloed waaraan sy godsdienstig letterlik aan moedersknie onderwerp is, versterk deur die godsdienstige literatuur van die tyd, moes ongetwyfeld 'n groot invloed op haar uitgeoefen het. Andersyds moes die politieke verwagtinge wat die trekkers in Natal gekoester het en die traumatiese invloed van die Britse besetting meer as net 'n verbygaande emosionele impak gehad het. Iets van die invloed van politieke en staatkundige verwagtinge in haar gemoed skemer deur in 'n droom wat sy in 1848 gehad het van 'n boom wat deur die vermoorde Voortrekkerleier Piet Retief onder die grond geplant is en wat ryke vrug voortgebring het. Vir kerk en teologie is hierdie aspekte van belang vir sover daar tans 'n sterk oplewing in emosionele teologie-beoefening na vore tree – 'n tendens wat deur die politieke ontnugtering in die geledere van die kerkvolk al meer verwagtinge ten opsigte van mistiekgetinte prediking kan skep en waarvan die kerk nie net terloops kennis kan neem nie.

In die tweede plek is die bevindelike mistiek in Susanna Smit se teologiese denke vir kerk en teologie van belang vir sover dit 'n herwaardering van hierdie immer wederkerende element in die teologiese denke van alle tye eis. Die vraag is voorts ook of hierdie "stiefkind" van die Calvinistiese teologie nie tereg op diepere besinning aanspraak kan maak nie, veral ook in die lig van W J Aalders (1928:269) se opmerking dat "(d)e mystiek zelve is niet een reactie tegen, maar een actualisatie van het Gereformeerde type van godsdienst met zijn beginsel van de volstrekte souvereiniteit van God", en A A van Ruler (1971:82-83) se stelling dat die Nadere Reformasie "vanuit de Reformatie, vooral vanuit die van Calvijn gezien, als een legitiem experiment is te waarderen" omdat "(d)áár werden grondnoties van de Reformatie in de theorie en de praktijk beproefd en tot ontplooiing gebracht". In die bevindelikheid identifiseer Van Ruler verskeie waardevolle aksente wat verdere besinning vereis. Eerstens is daar die ernstige konsentrasie van die bevindelikheid op Gód – dat die mens *op God self* gerig is, nie op iets van God nie, maar dat *in alles* op God gefokus word. Tweedens lei dit meteen tot die enorme *ewigheidserns in die tyd*, kenmerkend van die Gereformeerde bevindelikheid, omdat die mens vóór die aangesig van

God leef en deur God geken word. 'n Derde aksent is die *radikale objektiwiteit* daarvan, soos blyk uit die bevinding as 'n kompleks van "state en standen, gevallen en gestalten der ziel en des levens" wat deel van die proses van radikale ontlediging is. 'n Vierde aspek is dat die mens in 'n proses van ontlediging verkeer, heen en weer geslinger tussen die uiterstes van enersyds "de ongestalte der verlating" en andersyds dit wat bo "alle gestalte uitgaat, de extase van de vreugde in God", dat mens *innerlik breek* en tot volle oorgawe kom, kortom, dat die mens leer om hom onder God se vrye genade en die vrymag van God te stel. Voorts wys Van Ruler (1971:86 ev) op die waardevolle aksent van die diepe deurgronding van menswees, in egte bevinding selfs nog dieper as die psigoanalise wat die skuld van die mens buite rekening laat. Dit gaan juis dieper op die menslike skuld in en dan word skuld Bybels en evangelies nie in die buitewêreld gesoek nie, maar in die mens self, in sy hart. Die klem in die mistieke bevinding val op die mens se "bodemloze verlorenheid" wat lei tot 'n "innerlijke gemeenschap en solidariteit met het menschelijke geslacht, welke de wortel kan worden van een brede mildheid, waarin men met z'n medemensen leert omgang" (1971:88). Daar is ook die besef van humaniteit – dat die mens in sy bewustheid alles kan omvat, ook God en sy ewige raad. Dit vat die vrae van die pneumatologie aan, naamlik die waarheid dat die Heilige Gees God sélf is (1971:91). Dit gee insig in die piëtistiese waarheidsbegrip – waarheid is méér en anders as as die geheel van verstandelike leerstellinge – waarheid is "Begegnung" (1971:92). Laastens vertoon die Nadere Reformasie se bevindelike mistiek 'n ryke verskeidenheid van aksente, wat vrugbare grond bied vir die pastorale benadering van die bevindelike mens en die teologiese verwerking van hul probleme (1971:95). Die waarskuwende toon wat Van Ruler (1971:97) egter ten opsigte van die mistiek in Gereformeerde kringe laat hoor, spreek vandag steeds kerk en teologie aan:

> Ik moge besluiten met een dubbele opmerking. Enerzijds, dat er in een waarlijk katholieke, dat is ook: wijde en ruime, kerk ten volle plaats moet zijn voor de bevindelijke mensen en in een waarlijk katholieke theologie voor hun problemen – al zijn zij beiden, èn de mensen èn

> hun problemen, geducht lastig. En anderzijds, dat wij er toch geen vrede mee kunnen hebben, wanneer aan deze mensen en deze problemen alleen maar ruimte gelaten wordt. Hun záák zal de gehéle kerk en de gehéle theologie als een ferment moeten doortrekken. De kerk is een pneumatische grootheid en de theologie komt zonder de mystiek niet uit"
>
> (1971:97)

Binne die konteks van die mistieke bevinding word besondere aandag ook vir die sogenaamde *entase* van die Gereformeerde vroomheid gevra. Die vraag na die meditatiewe gebeure na binne, teenoor die "prestasie"-sug van die "Westerse aktivisme" en die "ekstase"-sug van die oosterse mistieke ervaring, word aan die orde gestel. As uitvloeisel van die gerigtheid "na binne" van die bevindelike mistiek, help meditasie om van die "aksie-modus meer in die rigting van die reseptiese modus oor te skuif" (Le Roux 1991:211). Hierdeur word die werklikheid nie arrogant-aktivisties deur die denker verander nie, maar die werklikheid verander en verryk die denker se innerlike psige (Le Roux, 1991:211). Hier, skryf, Le Roux, het ons 'n *verlore holistiese dimensie* wat "as gevolg van die riskantheid van die hele objek-subjek problematiek onontgin gebly het" (1991:211). Ten diepste het ons ook hier te doen met 'n spesifieke werking van die Heilige Gees waardeur die innerlike van die gelowige weer "versamel" word (*recollectio*) of weer opnuut gesentreer word rondom die (objektiewe) middel-C soos weergegee in die Woord van God, of soos Van der Lans (aangehaal deur Nicol 1989:50) dit stel: "Meditasie is dus 'n doelgerigte aandagsvernouing ter wille van bewussynsverruiming." Meditasie mag nie by inkering ophou nie, verklaar Le Roux (1991:211), maar gaan oor die oopstelling vir God, sodat, in hierdie sin, meditasie ook *verhoudings- en verbondsimplikasies* het (Nicol 1989:55). Meditasie is 'n nederige aktiwiteit waardeur die Skrifwoord mompelend nagesê word sodat weerstand en onbegrip in die proses plek kan maak vir 'n vars spreke van God in die gemoed van die luisteraar. As dit tot meer toegewyde geloofserns en aanvaarding van God se verbondsbeloftes kan

lei, het die dagboekies van Susanna Smit dalk méér vir gelowiges te leer as wat met die eerste oogopslag blyk. Haar kragtige optrede wanneer dit oor die Voortrekkersaak gegaan het en haar onverbiddelike optrede in die aangesig van Britse imperialisme was dus die logiese uitvloeisel van 'n oortuigde en bewoë gemoed eerder as die optrede van 'n teatrale of selfs skisofreniese persoonlikheid.

## Literatuurverwysings

Aalders, W J 1928. *Mystiek: Haar vormen wezen en waarde.* Groningen: Den Haag.

À Brakel, G [1649]. *Het Geestelicke Leven, Ende De stant eens geloovigen Mensches hier op Aerden.* Leeuwarden: Jan Jansen de Vries.

À Brakel, W [1700] 1726. *Redelyke Godtsdienst, In welke de Goddelyke Waerheden des Genaden-Verbondts worden verklaert, tegen allerleye patyen beschermt, ende tot de practyke aangedrongen. Als mede … een verklaringe van de Openbaringe Johannes.* 2e Deel. 10e Druk. Rotterdam: Hendrik vanden Aak.

À Brakel, W [1700] 1739. *Redelyke Godtsdienst, In welke de Goddelyke Waerheden des Genaden-Verbondts worden verklaert, tegen partyen beschermt, ende tot de practyke aengedrongen …* 1e Deel. 14e Druk. Rotterdam: Hendrik vanden Aak.

À Kempis, T 1680. *Eenige Tractaetjes … Bestaende in Het Hof der Roosen. Het Dal der Lelien. De drie Tabernakelen. D' Alleensprake der Zielen. En de Boetveerdige Tranene.* Amsterdam: Johannes Wasteliers.

À Kempis, T 1687. *Navolginge Christi door Th A Kempis verrijkt met het vierde Boek uit het Frans vertaalt door A G* Utrecht: Júriaen van Poolsúm.

Bird, J 1888. *The Annals of Natal: 1495 to 1845*, Vol II. Pietermatitzburg: P Davis & Sons.

Boot, I 1971. *De allegorische uitlegging van het Hooglied voornamelijk in Nederland.* Woerden, Zuiderduijn: Izaak Boot.

Breytenbach, J H sa. *Notule van die Natalse Volksraad.* Kaapstad.

Brienen, T 1981. *De Prediking van de Nadere Reformatie.* 2e Druk. Amsterdam: Ton Bolland.

Brienen, T, Exalto K, Van Genderen J e a 1986. *De Nadere Reformatie: Beschrijving van haar voorneemste vertegenwoordigers.* ‘s-Gravenhage: Boekencentrum.

Broes, P 1904. *De Peinzende Christen, of Bundel van Stichtelijke Gedachten voor de Eenzaamheid. Met eene Voorrede van J P Hasebroek.* Kaapstad: Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers Maatschappij.

Cory, G [1926] 1965. *The rise of South Africa,* vol IV from 1838-1846. Cape Town: Struik.

Dreyer, A 1929. *Die Kaapse Kerk en die Groot Trek.* Kaapstad: Van de Sandt de Villiers.

Dreyer, A 1932. *Die Voortrekkers en hul Kerk.* Kaapstad: Nasionale Pers.

Huijser, Ph J 1955. *De Reformatie der Prediking.* ‘s-Gravenhage.

Hugo, M & De Pauw, K W Mei 1991. Feite of fiksie – Freudiaanse fantasie en ’n feministiese beeld van Susanna Smit, in *Historia*, 8-13.

Le Roux, P J 1991. *Verbond en gemeente: Die betekenis van verbond vir kerk en kosmos*. DTh proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.

Lodenstein, J 1701. *Geestelijke Opwekker voor het onverloochende, doode en geesteloose Christendom: voorgestelt in X predicatien* … (uitgegeven door dr M Leydekker) Amsterdam: Jac Van Hardenberg.

Nicol, W 1989. Gereformeerde meditasie, in P F Theron & J Kinghorn (reds), *Koninkryk, kerk en kosmos: Huldigingsbundel ter ere van prof W D Jonker*, 48-63. Bloemfontein: Pro Christo.

Olivier, P L 1941. *Susanna Catharina Smit.* BD-verhandeling, Universiteit van Pretoria. .

Op ‘t Hof, W J 1987. *Engelse Piëtistische geschriften in het Nederlands 1598-1622.* Rotterdam: Lindenberg.

Op ‘t Hof, W J 1988. Eenen tweeden Thomas à Kempis (doch Gherefomeerden), in *De doorwerking van de Moderne Devotie, Windesheim 1387-1987.* Voordrachten gehouden tijdens het Windesheim Symposium Zwolle/Windesheim 15-17 Oktober 1987. Hilversum: P Barge.

Schoeman, K 1995. *Die wêreld van Susanna Smit 1799-1863.* Kaapstad: Human & Rousseau.

Scholtz, G D 1970. *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner.* Deel II: 1806-1863. Kaapstad: Voortrekkerpers.

Reitsma, J [1899] 1949. *Geschiedenis van de Hervorming en de Hervormde Kerk der Nederlanden.* 4$^{e}$ Druk. Groningen: Wolters.

Roodt-Coetzee, K 1961. Susanna Smit, skryfster van die Groot Trek, in *Hertzog-annale* VII.

Schortinghuis, W [1726] 1865. *Geestelijke Gezangen tot Ontdekkinge, Overtuiginge, Bestieringe en Opwekkinge van Allerlei Soort van Menschen, … Alsmede eenige beknopte Gezangen over de Voornaamste Goddelijke Waarheden … Nieuwe Uitgave.* Nijkerk: I J Malga.

Sluyter, W [1680] 1838. *Buyten- Eensaem Huys- Somer- en Winter-Leven. Aanwyzende hoe men op eene slechte en eenzame plaats; buiten op 't Land vergenoegt mag leven, meer dan in 't gewoel van groote aanzienlyke Steden …* De Laatste Druk. Nieuwe Uitgave. Rotterdam: M Wijt & Zoonen.

Smijtegelt, B 1740. *Des Christens Heil en Cieraat, voorgestelt in Vijf-en-Veertig Predicatiën over Philippensen iv: 7 en Colossensen I:22, … met een Voorreden door A W de Beveren.* Rotterdam: Gebr Huge.

Smit, S 1839-1863. *Dagboeke.* Ongepubliseerde bronne in die Voortrekkermuseum, Pietermaritzburg. Pietermaritzburg: Natalse Argiefbewaarplek.

Smit, S 1843-1863. Tikskriftranskripsie van *Dagboeke* nos 8, 18, 20, 24, 37 42/43? Pietermaritzburg: Natalse Argiefbewaarplek.

Teellink, W 1624. *Sleutel der Devotie.* Amsterdam: J E Z Cloppenborsch.

Van Lier, C A 1804. *Dagboek, gemeenzame brieven en eenzame overdenkingen van L C geschreeven door wijlen juffrouw Catharina Allegonda van Lier, aan Cabo de Goede Hoop; en op haar verzoek, bij haar leven gedaan, uitgegeeven door Joannes Jacobus Kicherer.* Utrecht.

Van Ruler, A A 1971. *Theologisch Werk,* Deel III. Nijkerk: G F Callenbach.

Van ‘t Spijker, W 1986. De Nadere Reformatie, in T Brienen; K Exalto; J Van Genderen e.a. *De Nadere Reformatie*, 5-16. ‘s-Gravenhage: Uitgeverij Boekencentrum.

Van ‘t Spijker, W 1989. Bronnen van de Nadere Reformatie, in T Brienen; K Exalto; J Van Genderen e a. *De Nadere Reformatie en het Gereformeerd Piëtisme,* 5-51. ‘s-Gravenhage: Uitgevrij Boekencentrum.

Voetius, G 1664. *… Exercitia pietatis in usum juventutis academicae nunc edita. Addita est, ob materiae affinitatem, Oratio de pietate cum scientia conjungenda, habita anno 1634. Gorichemi, ex officina Pauli Vink, bibliopolae, anno 1664.*